# Armagéddon

JOE CREWS

Kopiereg © 2003 deur
Lu Ann Crews

Alle regte voorbehou.

In Afrikaans vertaal deur
Anita van Deventer

Vir gebruik in die
Transvaal Konferensie

# ARMAGÉDDON

1. ISRAEL SE FINALE OORLOG ………………………
2. BELOFTES AAN ISRAEL VOORWAARDELIK …….
3. WIE IS DIE WARE ISRAEL? ………………………….
4. DIE TWEE BABILONS ………………………………….
5. ARMAGÉDDON – SATAN TEEN GOD ………………….
6. GOD WOON IN SION …………………………………….
7. DIE EUFRAAT DROOG OP …………………………….
8. WIE IS DIE KONINGS VAN DIE OOSTE? ……………..
9. ALLE OË GERIG OP DIE OOSTE ……………………….
10. GEKLEE VIR ARMAGÉDDON ………………………….

# 1 ISRAEL SE FINALE OORLOG

Die ondertekening van die vredesverdrag tussen Israel en Egipte op 26 Maart 1979 was ‘n emosionele oomblik in die geskiedenis van die Midde-Ooste. Na jare van venynige vyandigheid, gekenmerk deur militêre konflik, het ‘n Arabiese nasie en ‘n Joodse nasie mekaar met beloftes van vrede omarm.

Wat het dit beteken vir die klein verteenwoordiging van Sionisme wie se stryd om oorlewing die goedkeuring en ondersteuning van die Verenigde State wegdra? Egiptiese President, Anwar Sadat, was nie in staat om voor sy dood die sekuriteit en permanente vrede wat Israel sedert die dae van Abraham ontwyk het, te voorsien nie. Die antwoord op Israel se dilemma word duidelik openbaar in die fantastiese profesieë van die Bybel.

Volgens die Woord van God sal Israel nie ware bevryding van haar vyande vind totdat dit deur die konings van die ooste vir haar verseker word nie. Haar laaste stryd is nog nie gevoer nie. Die boek van Openbaring beskryf ‘n bondgenootskap met magtige verdedigers wat uiteindelik die onderdrukkers van Israel vernietig om haar ewige sekuriteit te verseker. In Openbaring 16:12 word daardie bondgenote die geheimsinnige titel “konings van die ooste” gegee. Hulle tree in werklikheid tussenby om Israel tydens die slag van Armagéddon te bevry, wat in die Bybel beskryf word as die finale stryd wat op hierdie planeet sal plaasvind. Alle nasies sal in hierdie stryd betrokke wees, maar Israel sal die enigste oorwinnaar wees.

Ons doel in hierdie studie is om ‘n aantal vrae te beantwoord. Wat is die aard van die finale oorlog van Armagéddon? Hoe kan al die lande van die wêreld daarby betrokke wees? Hoe is die moontlik vir slegs een groep, die volk van Israel, om hierdie groot slagting te oorleef? Wie is die geheimsinnige konings van die

ooste wat haar oorwinning moontlik maak? Ten slotte, hoe word Israel van haar vyande gered deur die opdroging van die Eufraatrivier, soos beskryf in Openbaring 16:12?

Eerstens, moet ons bevestig of die huidige Israelse nasie dieselfde Israel is wat in die boek van Openbaring beskryf word as die volk van God. In daardie boek word heelwat ontsaglike profesieë gevind waarvan die meeste betrekking het op die verlossing van die oorblyfselgroep van getroue volgelinge van Jesus Christus wat slaggereed is. Daar word dikwels na daardie volgelinge verwys as die "stamme van Israel" en daar word van hulle gepraat in die konteks van Joodse gebruike. Beteken dit dat die huidige nasie van Israel – die een wat met tenks en bomme veg – 'n algehele ommeswaai sal ondergaan om Christene word? Sal hulle hulle Sionistiese ambisies om hulle aanvallers te dood, laat vaar en die vredesbeginsels van die bergpredikasie aanneem - die een wat daarna verwys om die vyand lief te hê en die ander wang te draai?

Miljoene Bybelstudente glo dat so 'n skouspelagtige bekering sal moet plaasvind sodat die Bybelse profesie vervul kan word. Hulle baseer hulle geloof op die profesieë wat in Jeremia, Esegiël, Jesaja, ens., gevind word aangaande Israel se herstel en finale oorwinning. Is hulle reg? Is dit waar dat die profete glansryke woordprente geskilder het van Israel se toekoms en talle beloftes neergeskryf het van haar gesag oor ander nasies. Is die Israel van die Ou Testament dieselfde Israel van die boek van Openbaring? Was die beloftes onvoorwaardelik en onherroeplik? Sal die letterlike, vleeslike afstammelinge van Abraham as 'n geheel die Messias aanneem, as 'n nasie herstel word, en as 'n volk gered word?

## 2 BELOFTES AAN ISRAEL VOORWAARDELIK

‘n Noukeurige studie van die Bybel openbaar dat daardie beloftes van die Ou Testament geensins onvoorwaardelike beloftes was nie. Die nasie van Israel was herhaaldelik gewaarsku teen die ontsettende gevolge van ongehoorsaamheid. Beide seën en vloek was aan hulle voorgelê, afhangende van gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid. As gevolg van ‘n voortdurende patroon van rebellie, het God toegelaat dat hulle vir sewentig jaar afgemaai en in Babiloniese ballingskap weggevoer word. Baie profete is deur God geroep om hulle terugkeer uit ballingskap te voorspel. Sommige moderne kommentators het egter die fout begaan om daardie profesieë van herstel op een of ander toekomstige samekoms van Israel van toepassing te maak. Hulle weier om te aanvaar dat die herstel waarvan deur Jesaja en Jeremia gepraat word, alreeds plaasgevind het.

Daar is nie tyd of spasie om hier ‘n fraksie van die grafiese dreigemente van verwerping wat aan Israel gemaak is, te noem nie. Keer op keer het God waarskuwings soos die volgende gegee: “As jy wandel voor my aangesig … deur te doen net soos Ek jou beveel het, *en* my insettinge en verordeninge onderhou, *dan sal Ek die troon* van jou koningskap oor Israel vir ewig *bevestig* … As julle en julle kinders *ooit van My afvallig word* en my gebooie, my insettinge wat Ek julle voorgehou het, nie onderhou nie, … *dan sal Ek Israel uit die land uitroei* wat Ek hulle gegee het, en die huis wat Ek vir my Naam geheilig het, sal Ek van my aangesig *verwerp*, sodat Israel ‘n spreekwoord en ‘n spotlied sal word onder al die volke.” (1 Konings 9:4-7).

Uiteindelik, soos deur die profeet Daniël beskryf, het God ‘n proeftydperk van 490 jaar vir die Joodse volk toegeken om te sien wat hulle oor die Messias sou doen (Daniël 9:24). Daardie profetiese tydperk van 70 weke (‘n dag vir ‘n jaar, Esegiël 4:6), het begin met die opdrag om Jerusalem te herstel en te herbou (Artasásta se dekreet in 457 v.C., Esra 7:11) en het in 34 n.C.

geëindig.  In daardie selfde jaar is daar begin om die evangelie na die Heidene te neem, Stefanus word gestenig, en Paulus het uitgegaan om sy unieke bediening aan die nie-Jode te begin.  Die gebeurtenis kenmerk die formele en finale skeiding van Israel van sy verbondsverhouding.

Jesus het in die duidelikste moontlike taal aan die Joodse leiers verduidelik dat hulle verwerping van Hom hulle eie verwerping as die kinders van die koninkryk sou verseël.  "Die koninkryk van God sal van julle weggeneem word en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra."  (Mattheus 21:43).

Dit is geen geheim waarom die honderde spesifieke Ou Testamentiese beloftes nie aan Israel vervul is nie.  Hulle het heeltemal gefaal om die voorwaardes van gehoorsaamheid na te kom.  Andersins sou hulle die aarde beërwe het, van al hulle vyande verlos gewees het, en Jerusalem sou die aanbiddingsentrum vir alle nasies geword het.

## 3  WIE IS DIE WARE ISRAEL?

Dit groot vraag is dit:  Sal God se beloftes faal slegs omdat die fisiese afstammelinge van Abraham nie die voorwaardes van die gelofte nagekom het nie?  Was die beloftes oorgedra na daardie ander "nasie" aan wie Jesus gesê het die koninkryk gegee sou word?  Of moet ons nog steeds ons geloof in 'n toekomstige omswaai plaas wat nasionale Israel tot goddelike guns sal herstel?  Al daardie punte sal heeltemal duidelik word die oomblik wat ons een basiese reël van bybelse interpretasie daarstel.  Sonder hierdie beginsel in gedagte, kan niemand die boeke van Daniël en Openbaring behoorlik verstaan nie, en kan ons ook nie die ware Israel van vandag identifiseer nie.

Hier is die reël:  *Daar is 'n primêre, plaaslike, letterlike toepassing van profesie wat wys na 'n toekomstige, wêreldwye,*

*geestelike toepassing.* Deur hierdie beginsel op die Ou Testamentiese Geskrifte toe te pas, is daar definitief geen verwarring oor die plek van Israel in profesie en die geskiedenis nie.

Al die glansryke beloftes was *hoofsaaklik* gemik op onmiddellike seëninge wat God op die nasie wou uitstort. In ‘n *sekondêre* sin het hulle vooruit gewys na ‘n groter geestelike vervulling op ‘n wêreldwye vlak. Selfs al het die plaaslike vervulling gefaal toe Israel nie daarin geslaag het om getrou te wees nie, was die beloftes nooit totniet gemaak of teruggetrek nie. Hulle sal vervul word, maar slegs aan daardie “nasie” wat Jesus gesê het die Jode sou vervang as ontvangers van die koninkryk. Wie is daardie nasie en volk? Die Nuwe Testament is deurtrek met die mees uitdruklike stellings oor wie die nuwe Israel is.

Petrus beskryf diegene “wat in die verlede nie ‘n volk was nie, maar nou die volk van God is” in hierdie woorde: “Maar julle is ‘n uitverkore geslag, ‘n koninklike priesterdom, ‘n *heilige volk*, ‘n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig.” (1 Petrus 2:9,10). Hier is die nuwe nasie wat die nasie van Israel vervang. Die Heidene wat die ware Messias sal ontvang, sluit nou ‘n Nuwe Verbond in wat deur die bloed van die kruis bekragtig is, en word die ware geestelike Israel van God. Hulle wat nie God se volk was nie, word Sy “heilige nasie.”

Sal hulle dieselfde beloftes ontvang wat aan Abraham se afstammelinge gegee was? Beslis, want die Bybel sê dat hulle as die ware saad van Abraham gesien word. “En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham *en volgens die belofte erfgename*.” (Galasiërs 3:29). Paulus maak dit selfs nog duideliker in Romeine 9:8. “Dit wil sê, nie hulle is kinders van God wat die kinders van die vlees is nie, maar die

kinders van die belofte word *gereken as die nageslag*." Verder het Paulus geskryf, "Want nie hý is 'n Jood wat dit in die openbaar is nie, en nie dit is besnydenis wat dit in die openbaar in die vlees is nie; maar hy is 'n Jood wat dit in die verborgene is, en besnydenis is diè van die hart, …" (Romeine 2:28,29).

Let daarop dat die ware Israel deur besnydenis van die hart gekenmerk sal word en nie van die vlees nie. Wat is hartsbesnydenis? "In wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus." (Kolossense 2:11). Moenie die belangrikheid van daardie teks miskyk nie. Net soos wat die Ou Verbond verteenwoordig was deur die fisiese besnydenis van die vlees, so sou die Nuwe Verbond gekenmerk word deur die afsnyding van die vleeslike aard van sonde. Met ander woorde, almal wat Christus aanvaar en weer gebore word, is die ware besnedes en enigste ware Jode. En volgens Paulus beërf hulle ook die beloftes wat aan Abraham gemaak is.

Na die kruisiging van Christus, is daar geensins enige aanduiding dat die letterlike Jode erkenning ontvang het as die kinders van God nie. Dit is waar dat die deur oopgelaat was deur die prediking van die apostels tot 34 n.C., die einde van Daniël se sewentig weke profesie. *Maar sedert daardie tyd word geen erkenning aan Israel as 'n nasie gegee nie.* Sedertdien is Israel God se volk, saamgestel uit almal wat die Verlosser aanvaar, of dit nou Jood of Heiden is. Die Ou Testamentiese beeldspraak en terminologie word nog steeds gebruik, veral in die boek van Openbaring, maar Israel is nou die kerk.

Ons kan dus sien dat daar geen aanduiding is dat die beloftes nie nagekom is nie. Hulle is slegs oorgedra na die ware geestelike Israel, wat die kerk is, saamgestel uit alle ware gelowiges in Christus. En die dinge wat letterlik met antieke

Israel gebeur het, dui op dit wat geestelik met die kerk sal gebeur. Kom ons kyk na ‘n eenvoudige voorbeeld van hierdie beginsel in werking.

Te midde van Esegiël se uitbeelding van Israel se oorwinning oor haar vyande en haar invloed oor die volke, het hy begin om ‘n manjifieke tempel te beskryf wat gebou sou word. ‘n Hele paar hoofstukke (40-48) word gewy aan die presiese afmetings en fisiese kenmerke van daardie tempel. *Die tempel is egter nooit gebou nie.* Ander profete het verwys na die beplanning van die bou of herstel van so ‘n tempel. Amos het geprofeteer, “In diè dag sal Ek die vervalle hut van Dawid weer oprig, en Ek sal sy skeure toebou en sy puinhope herstel, en *Ek sal dit opbou* soos in die ou tyd” (Amos 9:11).

Baie moderne vertolkers pas hierdie belofte toe op ‘n toekomstige oprigting van ‘n fisiese tempel. Die Bybelse beginsel is egter dat daar ‘n sekondêre, wêreldwye vervulling is wat nie fisies nie, maar geestelik is. Die Nuwe Testament bevestig dit deur te verduidelik hoe die profesie van Amos vervul is. “Simeon het vertel hoe God in die begin uitgesien het om ‘n volk uit die heidene vir sy Naam aan te neem. En hiermee stem die woorde van die profete ooreen, soos geskrywe is: Daarna sal Ek terugkom en die vervalle hut van Dawid weer oprig, en wat daarvan verwoes is, sal Ek weer oprig en dit herstel” (Handelinge 15:14-16).

Let op hoe die Ou Testamentiese tempel profesieë op die lewende kerk van toepassing is! Die fisiese tempel het nou die geestelike tempel van die kerk geword, wat saamgestel is uit Heidene en alle ware gelowiges. Niemand moet nou soek na enige herstelde, letterlike tempel wat gebou moet word nie. Die liggaam van Christus se kerk is nou die tempel (1 Korinthiërs 3:16), en ons is die “lewende stene” van daardie “geestelike huis” (1 Petrus 2:5).

Sommige het verward gevoel omdat baie van die Ou Testamentiese terminologie na die Nuwe Testamentiese beskrywing van die kerk oorgedra is – woorde soos koninkryk, nasie, Israel, tempel, Jerusalem, Sion, stamme van Israel, ens. Selfs Christus het aan die Fariseërs gesê, "Die *koninkryk* van God sal van julle (letterlike Israel) weggeneem word en aan 'n *volk* (geestelike Israel) gegee word wat die vrugte daarvan sal dra" (Mattheus 21:43). Dit is een rede waarom die futuriste en dispensasionaliste glo dat die boek van Openbaring betrekking het op die letterlike Jode in moderne Israel. Daar is egter geen rede vir so 'n verwarring nie. Die verduideliking was op so baie plekke so duidelik gemaak dat die Nuwe Testament skrywer aangeneem het dat almal daarvan bewus was dat die kerk nou nasionale Israel vervang het.

## 4 DIE TWEE BABILONS

Terwyl ons 'n studie van Armagéddon gaan begin, is dit van uiterste belang om hierdie groot reël van vertolking voor oë te hou. Die ontsaglike verwarring oor profesie vandag, spruit voort uit onkunde oor hierdie beginsel. Kom ons herhaal weer eens dat die koninkryk profesieë wat deur Jesaja, Jeremia, Esegiël, ens. gegee was, 'n dubbele toepassing het – een om plaaslike vervul te word en die ander om op 'n wêreldwye skaal in die laaste dae vervul te word. En die kerk neem die plek van die volk in as God se ware gekose volk. Met hierdie agtergrond is ons gereed om die onderwerp van Armagéddon te bestudeer. Daardie wêreld-vernietigende stryd is nou verbonde aan die dinge wat ons genoem het oor geestelike Israel en 'n sekondêre toepassing van profesie. Daar bestaan 'n verbasende ooreenkoms tussen wat met antieke Israel gebeur het en die gebeure rakende geestelike Israel in die boek van Openbaring.

| Antieke Israel | | Geestelike Israel |
|---|---|---|
| Jer. 50:33,34 | Vervolg deur Babilon | Open. 17:6 |
| Dan. 3:13 | Gedwing om die beeld te aanbid | Open. 13:15 |
| Dan. 4:30 | Genoem "Die Groot Babilon" | Open. 17:5 |
| Jer. 51:13,14 | Babilon sit op baie waters | Open. 17:1 |
| Jes. 44:27,28 | Gered – Eufraat opgedroog | Open. 16:12 |
| Jer. 51:6-8 | Uit Babilon geroep | Open. 18:4 |
| Jes. 45:1 | Verlosser word die Gesalfde genoem | Dan. 9:25 |
| Jes. 41:2,25 | Beide verlossers van die ooste | Matt. 24:27 |
| | | Open. 7:2 |

U sal oplet dat God se volk byna dieselfde ondervinding in die Ou Testament en die Nuwe Testament gehad het. Hulle was gedwing om beelde te aanbid en was deur iemand uit die ooste verlos wat die Eufraat laat opdroog het om hulle te verlos. Binne hierdie breë uiteensetting is daar baie ander verbasende ooreenkomste tussen die twee Israels – een letterlik en die ander geestelik.

Dit is duidelik dat die kerk – God se volk in die laaste dae – vervolg en met die dood gedreig sal word net soos antieke Israel. In die boek van Openbaring word hulle verlos uit geestelike Babilon in verband met die stryd van Armagéddon. "En die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, die Eufraat, en sy water het opgedroog, sodat die pad van die konings wat van die Ooste af kom, reggemaak kon word. En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom. Want dit is die geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God. … En hulle het hulle versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armagéddon." (Openbaring 16:12-16).

Hierdie versies is met groot betekenis gevul. Hulle openbaar dat daar drie groot magte is wat deur Satan aangewend sal word om die weg vir Armagéddon voor te berei. Daardie drie – die

dier, draak en valse profeet – hits die politieke magte van die aarde aan om deel te neem in daardie oorlog. Dit is duidelik dat daardie drie godsdienstige magte is, ten minste in hulle aansprake, omdat hulle *wonders doen* om die heersers van die aarde te beïndruk. Wonderwerke kan slegs binne die opset van godsdiens plaasvind.

Tyd en spasie laat ons nie toe om al die bybelse bewyse te gee om te toon hoe hierdie drie simbole al die moderne vorms van valse godsdiens insluit nie. Deur die gesag van God se wet te verwerp en die maklike tradisies van heidense aanbiddingspatrone te kies, sal hierdie gekombineerde godsdienstige stelsels 'n magtige invloed uitoefen om die hele wêreld in die stryd van Armagéddon te betrek.

## 5 ARMAGÉDDON – SATAN TEEN GOD

Voordat ons probeer om die identiteit van die "konings van die ooste" te bepaal en wat dit beteken om "die Eufraat rivier te laat opdroog," moet ons duideliker verstaan wat Armagéddon werklik behels. Die Skrifte beeld dit uit as die finale beslissende stryd wat die eeuelange oorlog tussen Christus en Satan tot 'n klimaks voer. Die hele wêreld is betrokke omdat die goeie en bose mense onder al die nasies van die aarde versprei is. Armagéddon stel die totale poging van Satan voor om diegene te vernietig wat dit durf waag om God te gehoorsaam, selfs al word hulle gedreig met marteling en die dood.

Armagéddon is die klimaks van 'n 6,000 jaar program deur Satan om God se volk daarvan te weerhou om gered te word. As die teenstander, wie se selfverheffing veroorsaak het dat hy uit die hemel gewerp is, is Satan se doelwit om God te oorwin en Sy universele regering oor te neem. Luister hoe hy in Jesaja 14:13,14 spog. "Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo

die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!"

Hierdie ongelooflike aanspraak van Satan ontbloot die kern van sy plan om homself in die plek van God te stel. Ten einde die *aanbidding* van God se skepsels vir homself toe te eien, sou dit vanselfsprekend en noodsaaklik vir Satan wees om sy oproep om godsdiens te bou. Terwyl hy onder die skyn van nagemaakte godsdienstige stelsels en valse aanbidding werk, het hy deur die eeue 'n slim mengsel geweef van waarheid en dwaling. Die meesterstuk van sy bedrog sal teen die einde van tyd plaasvind wanneer hy deur die krag van die dier werk om 'n teken van lojaliteit op elke persoon af te dwing. Diegene wat weier om die teken te ontvang, sal tot die dood veroordeel word, en sodoende sal die finale struikelblok verwyder word vir Satan om die hele skepping as sy volgelinge op te eis. So lees die bloudruk van Satan se strategie.

## 6 GOD WOON IN SION

Let weer eens daarop waar Satan wou sit. Hy het gesê, "Ek wil … sit op die berg van samekoms *in die uithoeke van die Noorde*." Waarom het hy dit gesê? Hierdie punt is baie belangrik. Die uitdrukking "berg van samekoms" verwys ongetwyfeld na die heilige berg van God se woonplek. Dwarsdeur die Bybel word daarvan gepraat as die berg Sion. "Skoon deur sy verhewenheid, die vreugde van die hele aarde is die berg Sion, aan die noordekant, die stad van die groot Koning." (Psalm 48:2).

Die opvallende ding is dat God se plek, berg Sion, in die uithoeke van die Noorde is. Nou verstaan ons waarom Satan op die berg van samekoms, in die uithoeke van die Noorde, wil sit.

Dit is waar God Sy volk, Sy gemeente, sal versamel. Die Berg Sion is ‘n plek van veiligheid. Satan wil die samekoms of volk van God vernietig. Hy sal die uitverkorenes deur sy valshede verlei en hulle saam met die troon van God neem. Die psalmis het gesê, “Psalmsing tot eer van die Here *wat op Sion woon*” (Psalm 9:12).

Oorspronklik was Sion die aangewese plek waar die tempel gestaan het, in die noordelike deel van Jerusalem. Later het dit bekend geword as ‘n simbool van die stad van Jerusalem. Dit word ook deurgangs deur die Skrifte toegepas op die hele volk van God. Nadat die Jode egter vir Jesus verwerp het, het die uitdrukking Sion die benaming van die kerk geword. In die Nuwe Testament het dit dus nie langer ‘n aardse plek geïdentifiseer nie, maar ‘n volk – die volk van die kerk wat dwarsdeur die wêreld versprei is, of anders die geestelike plek van God se teenwoordigheid en beskerming.

Dwarsdeur die Bybel word beskryf dat God Sy volk na Sion trek of versamel waar hulle veilig saam met Hom kan wees. “Blaas die basuin op *Sion*, … roep ‘n *vergadering* saam! Versamel die volk, heilig die *gemeente*” (Joël 2:15,16). “want op die *berg Sion* … sal daar *ontkoming* wees” (Joël 2:32). In Openbaring 14:1 word die verlostes uitgebeeld as verlos van die krag van die dier van die vorige hoofstuk en dat hulle veilig is op *berg Sion.* “En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met hom honderd-vier-en-veertigduisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskryf.”

Terwyl God egter beplan om Sy volk tot Homself by Sion te versamel, het Satan ook ‘n versamelingsprogram. *Dit is ‘n versameling van sy magte vir Armagéddon.* “Want dit is die geeste van duiwels … om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God … En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word

Armagéddon." (Openbaring 16:14,16). Hierdie versameling is om God se versameling van Sy heiliges na die berg Sion teen te werk. Joël praat ook van dieselfde versameling; "Haas julle en kom aan, alle nasies rondom, en versamel julle. … Laat u helde … optrek na die dal van Jósafat … En die Here brul uit Sion … Maar die Here sal 'n toevlug wees vir sy volk." (Joël 3:11,12,16).

Hierdie is 'n ander beskrywing van daardie finale stryd wat Armagéddon genoem word. Die dal van Jósafat is net 'n ander titel vir die plek van stryd. Dit sal elke nasie van die aarde betrek. Die "heiden" is 'n term om diegene te beskryf wat nie God se volk is nie. Satan sal die konings van die aarde en al die goddelose mense opstel om die getroue heiliges van God teen te staan. Die Here sal in die stryd betrokke wees ("Die Here sal brul uit Sion"), omdat Hy vir Sy volk veg. In wese is dit 'n geweldige stryd tussen Christus en Satan met volgelinge van beide kante wat betrokke is.

Hier is dit waar ons by die kern van die onderwerp kom. Die versie vestig die aandag op die Hebreeuse woord vir Armagéddon. Die woord is waarskynlik gewortel in die Hebreeuse uitdrukking "har moed," wat "berg van die gemeente" of "berg van samekoms" beteken. Sien u waarheen dit ons lei? Daardie selfde uitdrukking (har moed) was deur Satan gebruik toe hy gesê het, "Ek wil sit op die *berg van samekoms*." Dit verbind die stryd van Armagéddon met die oorspronklike dreigement van Satan om die gemeente van God gevange te neem en te vernietig – op die berg Sion.

En die finale poging van die bose een om sy dreigement uit te voer, strek tot by die heel laaste gebeure van hierdie aarde. Johannes die Openbaarder het dit onder die sesde plaag beskryf. Hy het onreine geeste gesien wat na die konings van die aarde gegaan het, wonderwerke gedoen het, en hulle by Armagéddon versamel het. Hierdie is godsdienstige magte wat hulle op die politieke heersers toespits en hulle beïnvloed om God se

getroues te vernietig.

Indien u die opwindende verslag van God se aandeel in Armagéddon wil lees, bestudeer Openbaring 19. "Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. … En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. … en Hy trap die *parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn* van God, die Almagtige." (Openbaring 19:11-15).

Verskeie dinge word beklemtoon in hierdie simboliese uitbeelding van Christus en Sy wederkoms. Die leërs van die hemel maak oorlog en "slaan die nasies" (Vers 15). Hierdie is die nasies wat deur bose geeste aangehits is in Openbaring 16:14. Christus seëvier in hierdie slag van Armagéddon. Let daarop dat hierdie oorlog beskryf word as om die parskuip van die grimmigheid van God te trap. In Openbaring 15:1 word die sewe laaste plae beskryf as "die grimmigheid van God." Aangesien die slag van Armagéddon onder die sesde plaag opgestel is, en die plae die grimmigheid van God genoem word, en omdat Christus se leërs oorlog voer deur die parskuip van God se grimmigheid te trap, moet ons tot die gevolgtrekking kom dat Openbaring 19 'n duidelik prentjie is van Armagéddon.

Terloops, die skale van God se grimmigheid was op die hele aarde uitgegiet. "Gaan gooi die skale van die grimmigheid van God op die aarde uit." Openbaring 16:1. Dit is waarom al die nasies by Armagéddon betrokke is. Die goeie en bose van die hele wêreld sal daarby betrokke wees. Aangesien God se volk in elke land versprei is, word daar gepraat dat die hele aarde deur die plae aangetas word, een daarvan Armagéddon.

## 7 DIE EUFRAAT DROOG OP

Ons is nou gereed om Openbaring 16:12 te ondersoek en die Bybel die "opdroog van die groot Eufraat rivier" om die weg vir die "konings van die ooste" voor te berei, te laat interpreteer. Welke gebeure hierdie ookal is, hulle vind plaas terwyl Armagéddon 'n geweldige klimaks nader.

Ten einde hierdie profesie te verstaan, moet ons verwys na die ooreenstemmende ondervinding van antieke Babilon. Seshonderd jaar voordat Christus gebore is, was die heidense koninkryk van Babilon die groot vyand van God se volk. Vir 70 jaar het hulle die Hebreeuse volk in onderwerping en ballingskap gehou. Uiteindelik was Babilon deur Kores die Meder omver gewerp, en was die Israeliete bevry. Kores het van die ooste gekom en Babilon ingeneem deur die Eufraat rivier te herlei, om sodoende toegang deur die sluise van die kanaal te verkry. God het aan Babilon gesê, "en *jou rivier sal Ek laat verdroog* … So sê die Here aan sy *gesalfde*, aan Kores … om voor hom deure oop te maak, en poorte sal nie gesluit bly nie." (Jesaja 44:27; 45:1). God het "hom (Kores) uit die Ooste verwek" (Jesaja 41:2). Daar word deur God na Kores verwys as die "gesalfde" en "die regverdige man."

Volgens die beginsel van vertolking, moet die *letterlike* verslag in die Ou Testament in 'n *geestelike* sin aan die tyd van die einde toegepas word. Ons lees dus in die boek van Openbaring oor geestelike Israel (die kerk) wat deur "die Groot Babilon" verdruk word (Openbaring 17:5,6). Hierdie Babilon is nie 'n fisiese koninkryk nie, maar 'n valse godsdienstige stelsel wat deur Satan gemanipuleer word. God se volk word uiteindelik verlos van die mag van geestelike Babilon deur die opdroging van die waters van die Eufraat rivier. "En die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, die Eufraat, en sy water het opgedroog, sodat die pad van die konings wat van die Ooste af kom, reggemaak kon word." (Openbaring 16:12.)

Die skrikwekkende ooreenkoms met die Ou Testament verhaal is duidelik, maar ons moet onthou dat die sekondêre toepassing nie letterlik kan wees nie. Die onmiddellike vervulling is altyd letterlik en plaaslik, maar die laaste-dae vervulling reik wêreldwyd en het slegs ‘n geestelike toepassing.

Ons verwag dus nie ‘n letterlike Kores wat ‘n letterlike rivier laat opdroog het om ‘n letterlike Israel te bevry nie. Ons het alreeds ontdek dat al God se ware kinders geestelike Israeliete is. Wat verteenwoordig water eintlik? “Die waters wat jy gesien het, is volke en menigtes en nasies en tale.” (Openbaring 17:15). In hierdie hoofstuk word die Groot Babilon gesien dat sy “op baie waters sit” (Openbaring 17:1). Die waters word geïdentifiseer as mense en nasies wat die groot Babiloniese hoer (valse godsdiens) ondersteun wat die ware heiliges vervolg (Openbaring 17:6).

Die opdroog van die waters sou dus die terugtrekking van die ondersteuning verteenwoordig van daardie mense wat volgelinge van die Babiloniese stelsel was. Dit is een van die finale gebeure wat net voor die wederkoms van Christus plaasvind. Die mense besef dat hulle bedrieg was en in woede draai hulle teen mekaar. Sagaria beskryf wat plaasvind onder die sewende plaag terwyl Armagéddon sy klimaks bereik. “En dit sal die plaag wees waarmee die Here al die volke sal tref wat opgetrek het om teen Jerusalem (God se volk) te veg … En in dié dag sal ‘n groot verwarring van die Here onder hulle kom, sodat die een die hand van die ander sal gryp, *en die hand van die een hom sal verhef teen die hand van die ander*.” (Sagaria 14:12,13).

Johannes beskryf die toneel soos volg, “En hulle sal die hoer haat en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en haar met vuur verbrand.” (Openbaring 17:16).

Net soos wat letterlike Eufraat in antieke Babilon verander is van ‘n bate na ‘n manier om haar te vernietig, so sal die

ondersteunende waters (mense) van die geestelike Babilon verander as die wyse om haar te vernietig. Hierdie opdroog van ondersteuning berei die weg voor vir die “konings van die ooste” om te kom en die volk van God uit die hande van Babilon te bevry.

## 8 WIE IS DIE KONINGS VAN DIE OOSTE?

Wie is hierdie “konings van die ooste”? Hier is een van die mees opwindende aspekte van die stryd van Armagéddon. Net soos wat God se plek in Sion in die “uithoeke van die Noorde” gesetel was, word daar altyd na Sy verskyning as vanuit die ooste verwys. Waarom? Omdat antieke Sion in werklikheid die berg noord van die stad van Jerusalem was. Enigiemand wat van die ooste gekom het, moes noord draai as gevolg van die ondeurdringbare woestyne, en na Sion kom uit daardie rigting. Dit is waarom beide noord en oos in die Bybel vir God se kwartiere gebruik word. “En ek het ‘n ander engel sien opkom *van die opgang van die son*, met die seël van die lewende God” (Openbaring 7:2).

Christus sal uit die ooste na hierdie aarde terugkeer. “Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die seun van die mens wees.” (Mattheus 24:27). Die “konings van die ooste” is presies dieselfde as die leërs van die hemel in Openbaring 19 wat triomfeer oor “die dier, en die konings van die aarde, en hulle leërs” (Vers 19). God se heerlikheid was deur Esegiël beskryf as dat dit van die ooste gekom het. “Toe het hy my gelei na die poort, … wat na die ooste kyk. En kyk, die heerlikheid van die God van Israel het van die oostekant af gekom … en die aarde het geglans van sy heerlikheid.” (Esegiël 43:1,2).

Johannes het die asemrowende majesteit van Christus

beskryf wat die leërs van die hemel lei om oorlog te maak. "En die *leërs* in die hemel het Hom gevolg op wit perde … En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: DIE KONING VAN DIE KONINGS EN DIE HERE VAN DIE HERE" (Openbaring 19:14,16). Wat 'n prentjie! Die konings van die ooste kom van die ooste aangery teen "die konings van die aarde" en van die hele wêreld. Geestelike Babilon en al die magte wat haar volg word vernietig deur die Koning van die konings wat vir ewig en altyd sal regeer.

Kores, die man van die ooste, wat letterlike Israel gered het uit die hande van antieke Babilon, was 'n tipe van die "konings van die ooste" wat geestelike Israel uit Babilon sal red. Net soos wat Kores die "gesalfde een" en "die regverdige man" genoem was, so was Jesus op dieselfde titels genoem.

Teen hierdie tyd kan ons maklik tot die gevolgtrekking kom dat die wederkoms van Christus werklik die enigste hoop van Israel is. God en Christus, die ware Konings van die ooste, sal op hierdie wêreld neerdaal op die middernag van die mens se eindpunt. Wanneer die merkteken van die dier afgedwing word en elke menslike plan van ontsnapping verdwyn het, sal God se getroues van 'n sekere dood weggeruk word.

## 9 ALLE OË GERIG OP DIE OOSTE

Wat 'n tragedie dat miljoene Christene in die verkeerde rigting kyk en gebeure verwag wat nooit sal plaasvind nie. Hulle oë is wel op die ooste gevestig, maar op die Midde-Ooste waar haatgevulde seuns van Abraham probeer om mekaar te vernietig met Amerikaanse en Russiese wapentuig. Watter belaglike voorstel sal dit nie wees om te verwag dat daardie politieke beplanners en militariste die pragtige voorspellings van Jesaja se "leeu en lam" wêreldvrede moet vervul nie.

Dit is waar dat Isak en Ismail dalk vir ‘n rukkie kan ophou veg. Dit is ook waar dat een van die ondertekenaars van die ooreenkoms Israel genoem word. Laat niemand egter nog steeds vasklou aan die tevergeefse hoop dat hierdie Israel enigiets met God se ware volk te doen het nie. Hulle is deur ‘n ander nasie vervang, gehoorsaam en getrou – wat uit elke volk, taal en nasie gekom het. Hulle is die ware Israel. Hulle sal nooit wapens opneem om teen enigiemand te veg nie. Hulle sal leef soos wat Jesus geleef het en die dood bo ongehoorsaamheid verkies.

Die wankelrige vredesooreenkoms wat op 26 Maart 1979 onderteken is, sal niksbeduidend wees, selfs al was nasionale Israel nog steeds die uitverkore volk van God. Jare gelede was ‘n soortgelyke bondgenootskap gevorm en God het die waarde daarvan met hierdie woorde bepaal: “Maar die beskutting van Farao sal julle tot skande wees, en die skuiling in die skaduwee van Egipte tot smaadheid … En Egipte, nietig en leeg is sy hulp … Want dit is ‘n wederstrewige volk leuenagtige kinders, kinders wat die wet van die Here nie wil hoor nie” (Jesaja 30:3,7,9).

God soek na diegene wat sal vertrou op dit wat reg is, in plaas van op mag. Aan diesulkes sal Hy verlossing voorsien van elke vyand deur die oorwinnende konings van die ooste. Kom ons ignoreer die olievelde en politieke intriges van die ooste en vestig ons oë op die oostelike horison, omdat dit daarvandaan is wat ons werklike bondgenote ons gaan red.

## 10 GEKLEE VIR ARMAGÉDDON

Nou kon ons al die versies van Openbaring 17:12-16 harmoniseer behalwe vir die vreemde vers 15, wat blyk asof dit heeltemal uit verband met al die ander is. Waarom het die

Heilige Gees die plasing van so ‘n versie in die opset van Armagéddon geïnspireer? “Kyk, Ek kom soos ‘n dief. Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie.” Dan volg die woorde, “En hulle het hul versamel op die plek … Armagéddon.”

Wat het behoorlike klere te doen met voorbereiding vir die naderende stryd tussen Christus en Satan? En waarom is die klerekas belangrik vir diegene wat wag dat Jesus moet kom? Openbaring 19:7,8 gee die verrassende antwoord: “Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, *want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges*. Soos ‘n soeklig verlig hierdie woorde die betekenis van Openbaring 16:15. Daardie klere simboliseer die geregtigheid van Christus wat elke siel moet versier wat gereed moet wees om die Here te ontmoet. Die stryd van Armagéddon sal gestry word oor die kwessie van Christus se geregtigheid. Slegs diegene wat volkome op die meriete van Christus se sondelose lewe en versoenende dood vertrou het, kan saam met Hom oor die magte van die bose triomfeer. “En hulle het hom oorwin *deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis*, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.” (Openbaring 12:11).

Hier is die wenkombinasie wat uiteindelik die beskuldiger van die broers sal neervel. Die heiliges het die oorwinning behaal deur hulle eenvoudige geloof in die toereikendheid van die kruis. Geen vertroue op die vlees nie. Geen geloof in die werke van die wet om te regverdig nie. Sy meriete alleen om te reinig en krag te gee. Die kombinasie is dus drievoudig: 1) geloof in die geregtigheid van Jesus, 2) vreeslose mededeling van die “woord van hulle getuienis”, en 3) “hulle het tot die dood toe hulle lewe

nie liefgehad nie."  Met ander woorde, hulle sou eerder sterf as om sonde te doen.

Wanneer die kruis dit aan 'n persoon gedoen het, kan hy al die gekonsentreerde aanvalle van 'n duisend Armagéddons oorleef.  Duiwels, gevalle engele en Satan self moet in vrees vlug voor die gesag van 'n Christus-gevulde lewe.  Ware geloof produseer volle gehoorsaamheid, en daarom sluit ware regverdigheid deur geloof heiligmaking sowel as regverdigmaking in.  Diegene wat eerder sal sterf as om ongehoorsaam aan God te wees, sal die enigstes wees wat sal weier om die merk van die dier te ontvang.

Menigtes, wat nie ten volle glo in regverdigmaking deur geloof nie, sal voel dat gehoorsaamheid aan al die gebooie nie die moeite werd is om voor te sterf nie.  Baie sal redeneer dat Christus se gehoorsaamheid aan hulle toegereken is, en daarom het hulle nie nodig om bekommerd te wees oor die werke van die wet nie.  Diesulkes verstaan nie die volle evangelie nie.  Dit is die "krag van God tot redding" – nie net vergewende krag nie, maar onderhoudende krag.  Ons word nie slegs van die skuld van sonde gered nie, maar van die sonde self.

Dus fokus Armagéddon en die voorbereiding om Christus te ontmoet, op 'n persoonlike verhouding met die Verlosser.  Geklee met die wapenrusting van Sy geregtigheid, sal die heiliges oorwin selfs onder die aanslag van 'n doodsdekreet.  Indien u nie die soete versekering het van 'n geestelike beskerming nou nie, trek Sy kleed op hierdie oomblik aan.  Geweef in die weefstoel van die hemel, bevat dit geen draad van menslike beplanning nie.  Deur die vernietiging van die gesag van sonde in die lewe, kan aanspraak gemaak word op die meriete en die *krag* van Christus se lewe en versoenende dood.  Mag dit vandag u ondervinding wees.